OU TESTAMENT
VERHALE

BUITE die boks BYBEL

JAAR 2

moreleta kerk

Naam_____

LES #1

DIE TWAALF VERKENNERS



NUMERI 13:27-30

Numeri 14:8 " As die Here ons liefhet, sal Hy ons in die land laat kom en dit vir ons gee. Dit is 'n baie vrugbare land

Lank, lank gelede, het Moses die volk Israel gelei. Hulle was op pad na 'n spesiale plek wat God vir hulle belowe het – 'n pragtige land met die naam **Kanaän.** Dit sou hulle nuwe huis wees! Voor hulle die land ingegaan het, het Moses twaalf manne gekies, een van elke familie, om vooruit te gaan en te kyk hoe die land lyk. Hy het vir hulle gesê: "Kyk mooi! Is die mense daar sterk of swak? Het die stede hoë mure? Is daar baie kos?" Hulle moes ook van die land se vrugte terugbring! Die twaalf verkenners het vir **veertig dae** rondgekyk. Toe hulle terugkom, was almal opgewonde om te hoor wat hulle gesien het! Hulle het ongelooflike vrugte saamgebring, soos **reuse-druiwe** wat so swaar was dat twee manne dit moes dra! Hulle het gesê: "Die land is wonderlik! Dit is vol melk en heuning!"

Maar toe het tien van die verkenners begin kla. Hulle was baie bang! Hulle het gesê: "Die mense daar is baie groot en sterk! Daar is selfs **reuse**! Ons sal nooit teen hulle kan veg nie! Ons is te klein en swak!" Hulle het die mense **bang** gepraat.

Maar twee van die verkenners, **Josua en Kaleb**, het **dapper** opgestaan!

Hulle het gesê: ***"Moenie bang wees nie! Die Here is met ons!*** Ons kan die land maklik inneem! Hy sal ons help!" Hulle het geweet dat as God by hulle is, hulle niks hoef te vrees nie.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



- Wat maak jou soms bang?
- Wanneer is dit vir jou moeilik om dapper te wees?
- Hoe het Josua en Kaleb gewys dat hulle God vertrou?
- Dink jy God kan ons help om dapper te wees as ons bang is? Hoe?



BYBEL BYT








Verkenners is soos speurders wat vooruit gaan om inligting oor 'n plek te versamel.

IN MY BOKS


God is altyd by ons, al is ons bang. Ons kan Hom vertrou om ons dapper te maak!

Waar of Vals?

OMKRING DIE REGTE HANDJIE!


MOSES HET 12 VERKENNERS GESTUUR.	
DIE VERKENNERS HET LEË HANDE TERUGGEKOM	
DIE LAND KANAÄN WAS VOL MELK EN HEUNING.	
AL DIE VERKENNERS WAS DAPPER EN NIE BANG NIE.	
JOSUA EN KALEB HET GESÊ GOD IS MET HULLE.	
DIE MENSE IN DIE LAND WAS BAIE KLEIN EN SWAK.	
ONS KAN GOD VERTROU OM ONS TE HELP OM DAPPER TE WEES.	

Teken jou eie stokmannetjie met jou gunsteling vrug wat hy dra









Naam_____

LES #2

BILEAM SE PRATENDE DONKIE



NUMERI 22

Vers 34 Bileam bely toe voor die engel van die Here: "Ek het 'n fout gemaak.



Bileam was 'n man wat gedink het hy is baie slim en dat hy alles weet. Die **koning** van 'n ander land wou hê Bileam moet na sy vyande toe gaan en hulle vervloek. Hy het baie geld vir hom aangebied. Bileam het gedink dit klink na 'n goeie idee, al het God vir hom gesê hy moenie gaan nie.

Hy het sy **donkie** opgesaal en begin ry. Maar God wou nie hê Bileam moet gaan nie, want God was **lief** vir die mense wat die koning wou vervloek. God het 'n **engel** met 'n groot, skerp swaard op die pad laat staan, net waar Bileam en sy donkie moes verbygaan.

Bileam kon nie die **engel** sien nie, maar sy donkie kon! Die donkie het baie bang geword en van die pad afgeloop in 'n landery in. Bileam het kwaad geword en die donkie geslaan.

Die donkie het weer probeer om vir die engel weg te kruip, maar Bileam het haar weer geslaan.

Uiteindelik het die donkie inmekaargesak onder Bileam. Hy was so kwaad!


Toe gebeur iets baie snaaks! Die donkie begin toe om te praat! Sy het gesê: **"Wat het ek aan jou gedoen dat jy my al drie keer geslaan het?"** Bileam was so verbaas, hy het teruggepraat met die donkie! Toe het God Bileam se oë oopgemaak, en hy het die engel met die swaard gesien! Die engel het gesê: "Hoekom het jy jou donkie geslaan? **Sy het jou lewe gered!"**

Bileam het besef hy was verkeerd. God het selfs deur 'n donkie gepraat om hom te waarsku!

Dit wys vir ons dat God regtig deur **enigeen kan praat,** selfs deur dinge wat ons nie verwag nie

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Wat het die engel vasgehou?
- Hoekom wou God nie hê hy moet die mense vervloek nie?
- Wat was so uniek van die donkie?
- Wat het die storie ons geleer oor God?



BYBEL BYT

Bileam (Hebreeuse naam) beteken "verslinder" of "vernietiger"

IN MY BOKS

God is so kragtig en liefdevol dat Hy op baie maniere met ons praat, selfs deur onverwagse dinge of mense. Ons moet altyd luister na wat God vir ons wil sê.

Verf die prentjie



Naam _____

Lamineer en knip uit, plak prestick aan elke deel en laat die kinders saam die donkie bou.





©Copyright Simple Mom Project

Naam_____

LES #3


JERIGO VAL MAAR RAGAB WORD GERED



JOSUA 6

vers 2 Die Here het vir Josua gesê: "Luister na My, Ek gee Jerigo vir jou, en ook sy koning en sy soldate, julle sal hulle oorwin.

Die volk Israel, onder leiding van Josua, het voor die hoë, sterk mure van Jerigo gestaan. Maar die Here het 'n besonderse plan gehad, een wat die volk se geloof en gehoorsaamheid sou toets.
Die Here het Josua beveel dat die gewapende manskappe moes voorloop, gevolg deur sewe priesters met ramshorings wat aanhoudend moes blaas. Agter hulle sou die Ark van die Verbond van die Here gedra word, die heiligste simbool van God se teenwoordigheid. Die res van die volk sou agterna loop.
Vir ses dae moes hulle een keer per dag stil-stil om die stadsmure marsjeer, net die klank van die ramshorings sou gehoor word. Geen woord, geen geluid uit die volk nie.
Op die sewende dag was die opdrag anders. Hierdie keer moes die hele optog sewe keer om die stad marsjeer. Na die sewende rondte, terwyl die priesters vir die laaste keer lank op die ramshorings geblaas het, het Josua die bevel gegee: "Skreeu! Want die Here het die stad vir julle gegee!" Die volk het toe 'n magtige, harde oorlogskreet uitgeskreeu. En toe, wonder bo wonder, het die onmoontlike gebeur! Die hoë, dik mure van Jerigo het inmekaar gestort! Die stad was oop. Te midde van hierdie ongelooflike oorwinning, het Josua sy woord gehou aan Ragab, die vrou wat vroeër die Israelitiese verkenners gered het. Die verkenners is gestuur na haar huis, wat in die stadsmuur was. Daar, uit haar venster, het die skarlakenrooi tou gehang – die teken van redding wat sy op instruksie gehang het. Die verkenners het Ragab en haar hele familie veilig uit die huis gelei en hulle na veiligheid gebring.
So het die Here, deur Sy krag en die gehoorsaamheid van Sy volk, die magtige stad Jerigo ingeneem en terselfdertyd Ragab en haar huisgesin gespaar, danksy haar geloof en gehoorsaamheid om die rooi tou te hang as simbool van redding.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Wie het die mense van Israel gehelp om die mure van Jerigo te laat val?
- Wat moes Ragab doen om haar en haar familie te red toe die mure geval het?
- Hoeveel keer moes die volk om Jerigo loop op die laaste dag.
- Hoekom dink julle is dit so belangrik om God te glo en Sy opdragte te volg, net soos Josua en Ragab gedoen het?



BEVESTIGING


Saam met God is ek 'n wenner!

IN MY BOKS

Geloof en gehoorsaamheid aan God lei altyd tot Sy kragtige werk en groot redding, selfs met die grootste uitdagings!


VOORSTELLING

- Laat al die kinders eers hulle ramshorings maak!
- Bou Jerigo mure met bokse in die middel van die saal.
- Laat die kinders in een lang ry 7 keer rondom die bokse loop, terwyl daar ‘n liedjie speel, laat een leier tel hoeveel keer hulle om loop.
- As die liedjie ophou speel moet almal vries en tjoep stil bly.
- Dan as die liedjie stop moet almal op hulle ramshorings ‘blaas’ (maak “oooeeee” geluid met jou mond)
- Dan as die liedjie weer stop moet almal Skree en dan moet een van die leiers die bokse om stamp en cheer almal van blydskap!




Ramshoring aktiwiteit


Kleur die prentjie in, knip dit mooi uit, vou dit om en plak met gom om jou eie ramshoring te maak!



Maak jou eie boekmerkie!

Maak ’n gaaitjie met ‘n gaaitjie drukker en ruig ‘n rooi lint deur, die kinders kan dit in hul Bybels plaas of vir hul ouers gee as ‘n geskenk.




JOSUA 6
JOSUA 6
JOSUA 6
JOSUA 6

LES #4

GIDEON EN DIE 300 MANNE

RIGTERS 7

12 Die Engel van die Here het toe aan hom verskyn. Hy het vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"

GIDEON SE KLEIN LEËR EN GOD SE GROOT PLAN

God het Gideon gekies om Sy mense te help wat bang was vir die slegte Midianiete, wat die Israelietse se vee en kos gesteel het. Gideon het 'n groot weermag van **32 000 mans** bymekaargemaak, maar God het gesê: "Die leër is te groot! As julle wen, sal julle dink julle het dit self gedoen, en nie Ek nie."

God het vir Gideon gesê om al die soldate wat bang was huis toe stuur. **22 000** soldate het huis toe gegaan! Net 10 000 soldate het oorgebly.God het vir Gideon gesê om die soldate na die water te vat om te drink. Party het op hulle knieë geval en gedrink soos honde, en ander het die water met hulle hande opgeskep en dit na hulle mond gebring, terwyl hulle rondgekyk het. God het vir Gideon gesê om net die 300 soldate te kies wat die water met hulle hande opgeskep het.

Dink net! Van duisende soldate het **net 300 oorgebly!** Gideon het seker klein gevoel, maar God was steeds groot! In die nag het God vir Gideon gesê om met sy 300 soldate na die Midianiete se kamp te gaan. Gideon het sy soldate in drie groepe verdeel. Elke soldaat het 'n **trompet,** 'n **kleibak** en 'n **brandende fakkel** gekry. Gideon het gesê: "As ek my trompet blaas, moet julle ook julle trompette blaas en uitroep: '**Vir die Here en vir Gideon!**'" Toe, in die middel van die nag, het Gideon en sy 300 mans trompette geblaas, die kleibakke gebreek en die fakkels gewaai en hard uitgeroep! Die Midianiete het geskrik! God het hulle verwar en hulle het gedink daar is 'n reuse leër wat hulle aanval. In hulle verwarring het die Midianiete mekaar begin aanval en toe het hulle weggehardloop!

God het gewys dat Hy nie 'n groot leër nodig het om te wen nie. Hy kan 'n klein groepie mense gebruik om groot dinge te doen, want **God is die Een wat die oorwinning gee**

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Hoekom het God Gideon se leër so klein gemaak?
- Hoeveel soldate het uiteindelik saam met Gideon die Midianiete gaan aanval?
- Watter drie dinge het Gideon se soldate gebruik om geraas te maak en die Midianiete te laat skrik?
- Wie was regtig die Een wat die oorwinning vir Gideon gegee het?



BEVESTIGING

Saam met God is ek dapper!

IN MY BOKS

Gideon het ons geleer dat God altyd groter en sterker is as enige probleem. Selfs al voel ons bang of klein, as ons op God vertrou, sal Hy ons help en ons dapper maak!

Naam_____


Vind die 7 verskille!

Kleur dan die prentjie in!






Daar is 3 groepe mans van 3, wie se fakkels dieselfde lyk, kleur elke groep dieselfde kleur in soos aangedui.



Kleur in en knip uit!



Naam _____

LES #5

SIMSON SE KRAG



GOD SE WOORD

RIGTERS 13 -16

Simson was 'n baie sterk man! Dit was **God se Gees** wat hom sterk gemaak het! Simson was so sterk dat hy 'n **leeu** met sy kaal hande baklei en hom gewen het! Dit was God se krag wat hom gehelp het. Simson het sy krag gebruik om terug te **veg teen die Fillistyne** wat hul vyande was. Hy het **300 jakkalse** in die FIlistyne se lande losgelaat, en hy het **1000 mans** verslaan met net 'n kakebeen van 'n donkie. Maar Simson het 'n groot swakheid gehad. Hy het nie altyd mooi geluister na **God** nie en het soms die verkeerde mense vertrou. Hy het 'n vrou gekry met die naam **Delila.** Sy wou weet wat die geheim van Simson se krag was. Simson het sy **groot geheim** uiteindelik verklap. "**My krag kom van God af**," het hy gesê. **"As my hare gesny word, sal al my krag weg wees."** Daardie aand, terwyl Simson vas aan die slaap was, het Delila **sy hare afgesny**. Toe Simson wakker word, was al sy **krag weg!** Hy was nou net so swak soos enige ander mens. Simson se vyande kon hom maklik vang. Simson was baie hartseer. Hy het geweet hy het 'n groot fout gemaak deur nie vir God te luister nie. In die tronk het Simson elke dag tot God gebid. "**Heer, ek is so jammer**. Gee my asseblief nog net een keer weer my krag terug." God het sy gebed verhoor. Stadig maar seker het Simson se hare weer begin groei. En soos sy hare gegroei het, het sy krag begin terugkom! Eendag het sy vyande 'n groot partytjie gehou en vir Simson gebring om hom te spot. Maar Simson het gevoel hoe God se krag weer deur hom vloei. Hy het tussen twee groot pilare gestaan wat die hele gebou ophou, en hy het gebid, **"Here, gee my krag!"**
Toe stoot Simson met AL sy mag teen die pilare! Die hele gebou het inmekaargeval. In daardie laaste oomblik het God vir Simson sy krag teruggegee om **Sy mense te red** van die Filistyne!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- **Wat was die geheim van Simson se super-krag?**
- **Watter groot fout het Simson gemaak?**
- **Het God vir Simson vergewe toe hy jammer was?**

Onthou Vers

Rigters 13:24-25
"Die Here was by hom en het hom sterk gemaak."


Bevestiging

God maak my sterk

IN MY BOKS

God gee vir ons die krag en gawes wat ons nodig het, maar ons moet luister en die regte keuses maak!

Trek ‘n lyn by al die nommers en voltooi die prentjie, kleur dan die prentjie in!



Naam _____

DELILA VERRAAI VIR SIMSON!




GOD GEE VIR SIMSON SY KRAG TERUG!



AKtiwiteit

Maak jou eie Simson met ‘n toiletrol, en wol, plak die spiere en baard en teken sy gesig





Naam _____

LES #6





RUT EN NAOMI EN BOAS

RUT 1 TOT 4

Daar was 'n mamma met die naam Naomi. Sy was baie hartseer, want haar man en haar twee seuns het doodgegaan. Al wat sy oorgehad het, was haar twee skoondogters, Orpa en Rut. Naomi het vir hulle gesê: "Gaan maar terug na julle eie mammas en pappas toe." Orpa het vir Naomi 'n drukkie en 'n soentjie gegee en teruggegaan huis toe. Maar Rut het styf aan Naomi vasgehou en gesê:
"Nee! Waar ma gaan, sal ek gaan. Waar ma bly, sal ek bly. Ma se mense is my mense, en ma se God is my God."
Rut het haar eie huis en land agtergelos omdat sy so lief was vir Naomi en vir Naomi se God. Saam het hulle na 'n plek met die naam Betlehem gereis. Hulle was baie arm en het nie kos gehad nie. Rut het toe in die oop velde gaan werk en die koringare opgetel wat die werkers laat val het. Dit was harde werk, maar sy het dit met 'n blye hart gedoen om vir haar en Naomi te sorg. Die eienaar van die land, 'n gawe man met die naam Boas, het gesien hoe hard Rut werk en hoe goed sy vir Naomi is. God het 'n plan gehad! Boas het vir Rut gehelp, en later het hulle getrou. God het vir Rut en Naomi geseën. Hulle was nooit weer honger of alleen nie. Rut het 'n seuntjie gekry met die naam Obed, en daardie seuntjie se kleinkind se kleinkind was Koning Dawid, en baie, baie jare later is Jesus uit dieselfde familie gebore!
Dit wys hoe God altyd 'n goeie plan het, selfs wanneer ons hartseer is.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

1. Hoekom was Naomi aan die begin so hartseer?
2. Wat het Rut vir Naomi belowe?
3. Was Rut lui of was sy 'n harde werker? Hoe weet ons dit?
4. Wie het vir Rut raakgesien en gehelp?
5. Hoe het God vir Rut en Naomi op die ou end geseën?





'n Vriend het altyd lief.
Spreuke 17:17

Bevestiging


Ek gee om vir ander mense!

IN MY BOKS

God gee vir ons die krag en gawes wat ons nodig het, maar ons moet luister en die regte keuses maak!

Rut 2:3

Rut het toe gegaan om die koring-are op te tel wat geval het wanneer die mense die are afsny. Dit het gelukkig so gebeur dat sy gekom het by die koringland wat behoort het aan Boas, die man wat familie was.



Kleur die koring in en plak dan noedels op jou prentjie

Naam



Vind die sewe verskille en kleur in



Rut se nut in die Groter plan

Rut die Moabiet
'n goeie vrou noem ons haar nie verniet
'n weduwee is sy miskien
maar ek gee vir haar 'n tien uit tien
Want sien, Sy kies om haar oor haar
skoonma, Naomi te ontferm
Eerder as om oor haar lot te kerm
Al is sy onseker oor
'n huwelik of nageslag
Hoor ek nie eenkeer van haar 'n klag
Dalk kan ons iets by haar leer
Miskien hoe om ons seer te hanteer?
Aan Naomi en God bewys sy haar
lojaliteit
Sy tel graan in 'n veld op, dit wys
haar nederigheid
Sy ontmoet die Boer Boas
Maar vir hom is sy glad nie 'n las
Hy kan sien haar karakter is eerbaar
God sal haar beloon dit weet Hy
sommer klaar
Maar Boas besef gou, hy het 'n rol
om te speel
Hy kies om sy lewe met Rut te deel
Ja God is getrou
Naomi hoef nie meer te rou
Want God het hulle lewens weer herbou
Boas en Rut kry 'n seuntjie, met die
naam Obed
Ek hoop jy hou nog tred
Want uit hierdie bloedlyn kom Jesus
van Nasaret
En Hy is uiteindelik die een wat ons
almal kom Red
Dit laat my dink
En verskoon my as ek naïef klink:
God kan die sleg in ons lewe ten
goede laat meewerk
Dit maak ons dalk nog selfs sterk
So moet nooit ophou vashou aan
die Hoop Wat Jesus tog so
duur vir ons moes Koop

Marietjie Glas

Rut se nut in die Groter plan

Rut die Moabiet
'n goeie vrou noem ons haar nie verniet
'n weduwee is sy miskien
maar ek gee vir haar 'n tien uit tien
Want sien, Sy kies om haar oor haar
skoonma, Naomi te ontferm
Eerder as om oor haar lot te kerm
Al is sy onseker oor
'n huwelik of nageslag
Hoor ek nie eenkeer van haar 'n klag
Dalk kan ons iets by haar leer
Miskien hoe om ons seer te hanteer?
Aan Naomi en God bewys sy haar
lojaliteit
Sy tel graan in 'n veld op, dit wys
haar nederigheid
Sy ontmoet die Boer Boas
Maar vir hom is sy glad nie 'n las
Hy kan sien haar karakter is eerbaar
God sal haar beloon dit weet Hy
sommer klaar
Maar Boas besef gou, hy het 'n rol
om te speel
Hy kies om sy lewe met Rut te deel
Ja God is getrou
Naomi hoef nie meer te rou
Want God het hulle lewens weer herbou
Boas en Rut kry 'n seuntjie, met die
naam Obed
Ek hoop jy hou nog tred
Want uit hierdie bloedlyn kom Jesus
van Nasaret
En Hy is uiteindelik die een wat ons
almal kom Red
Dit laat my dink
En verskoon my as ek naïef klink:
God kan die sleg in ons lewe ten
goede laat meewerk
Dit maak ons dalk nog selfs sterk
So moet nooit ophou vashou aan
die Hoop Wat Jesus tog so
duur vir ons moes Koop

Marietjie Glas

Rut se nut in die Groter plan

Rut die Moabiet
'n goeie vrou noem ons haar nie verniet
'n weduwee is sy miskien
maar ek gee vir haar 'n tien uit tien
Want sien, Sy kies om haar oor haar
skoonma, Naomi te ontferm
Eerder as om oor haar lot te kerm
Al is sy onseker oor
'n huwelik of nageslag
Hoor ek nie eenkeer van haar 'n klag
Dalk kan ons iets by haar leer
Miskien hoe om ons seer te hanteer?
Aan Naomi en God bewys sy haar
lojaliteit
Sy tel graan in 'n veld op, dit wys
haar nederigheid
Sy ontmoet die Boer Boas
Maar vir hom is sy glad nie 'n las
Hy kan sien haar karakter is eerbaar
God sal haar beloon dit weet Hy
sommer klaar
Maar Boas besef gou, hy het 'n rol
om te speel
Hy kies om sy lewe met Rut te deel
Ja God is getrou
Naomi hoef nie meer te rou
Want God het hulle lewens weer herbou
Boas en Rut kry 'n seuntjie, met die
naam Obed
Ek hoop jy hou nog tred
Want uit hierdie bloedlyn kom Jesus
van Nasaret
En Hy is uiteindelik die een wat ons
almal kom Red
Dit laat my dink
En verskoon my as ek naïef klink:
God kan die sleg in ons lewe ten
goede laat meewerk
Dit maak ons dalk nog selfs sterk
So moet nooit ophou vashou aan
die Hoop Wat Jesus tog so
duur vir ons moes Koop

Marietjie Glas

Rut se nut in die Groter plan

Rut die Moabiet
'n goeie vrou noem ons haar nie verniet
'n weduwee is sy miskien
maar ek gee vir haar 'n tien uit tien
Want sien, Sy kies om haar oor haar
skoonma, Naomi te ontferm
Eerder as om oor haar lot te kerm
Al is sy onseker oor
'n huwelik of nageslag
Hoor ek nie eenkeer van haar 'n klag
Dalk kan ons iets by haar leer
Miskien hoe om ons seer te hanteer?
Aan Naomi en God bewys sy haar
lojaliteit
Sy tel graan in 'n veld op, dit wys
haar nederigheid
Sy ontmoet die Boer Boas
Maar vir hom is sy glad nie 'n las
Hy kan sien haar karakter is eerbaar
God sal haar beloon dit weet Hy
sommer klaar
Maar Boas besef gou, hy het 'n rol
om te speel
Hy kies om sy lewe met Rut te deel
Ja God is getrou
Naomi hoef nie meer te rou
Want God het hulle lewens weer herbou
Boas en Rut kry 'n seuntjie, met die
naam Obed
Ek hoop jy hou nog tred
Want uit hierdie bloedlyn kom Jesus
van Nasaret
En Hy is uiteindelik die een wat ons
almal kom Red
Dit laat my dink
En verskoon my as ek naïef klink:
God kan die sleg in ons lewe ten
goede laat meewerk
Dit maak ons dalk nog selfs sterk
So moet nooit ophou vashou aan
die Hoop Wat Jesus tog so
duur vir ons moes Koop

Marietjie Glas

Naam _____

LES #7

SAMUEL HOOR GOD SE STEM





1 SAMUEL 3

Daar was 'n klein seuntjie met die naam Samuel. Hy het die priester in die tempel met die naam Eli, gehelp. Eli was al oud en sy oë kon nie meer mooi sien nie. Samuel was sy helper en het elke dag geleer hoe lief die Here hom het. Een nag, toe alles stil en donker was, was Samuel snoesig in sy bedjie aan die slaap. Skielik hoor hy 'n stem wat roep: "Samuel!" Samuel spring dadelik op! Hy het gedink dit is Eli wat hom roep en hardloop toe vinnig na sy kamer. "Hier is ek, Eli, het jy my geroep?" vra hy. Maar Eli, wat nog half aan die slaap was, sê: "Nee my seun, ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap maar weer."Samuel is toe terug bed toe. Net toe hy weer lekker lê, hoor hy weer die stem: "Samuel!" Weer spring hy op en hardloop na Eli. "Hier is ek, jy hét my geroep!" Maar Eli skud sy kop en sê: "Ek het jou regtig nie geroep nie, my kind. Gaan lê maar weer." Samuel gaan toe vir 'n derde keer terug bed toe, en raai wat? Hy hoor wéér die stem: "Samuel! Samuel!" Vir die derde keer hardloop hy na Eli. Hierdie keer het Eli geweet dit is nie hy wat roep nie. Hy het besef dit is die Here God wat met Samuel praat Eli sê toe vir Samuel: "Gaan lê weer, en as jy die stem weer hoor, moenie opstaan nie. Sê net, 'Praat Here, U dienaar luister.'" Samuel het presies gedoen wat Eli gesê het. Hy het in sy bed gaan lê en gewag. Toe hoor hy weer die stem wat saggies en duidelik sê: "Samuel! Samuel!"
Hierdie keer het Samuel in sy bed gebly en saggies geantwoord, net soos Eli hom geleer het: "Praat Here, U dienaar luister." Daardie nag het God vir Samuel baie belangrike dinge vertel. Samuel het geleer dat God hom by sy naam ken en dat dit baie belangrik is om stil te word en na God se stem te luister.

DINK BUITE DIE BOKS



- Wat was die seun se naam in ons storie?
- Wie het vir Samuel in die nag geroep?
- Wat het Eli vir Samuel geleer om te sê toe hy besef dit is God wat roep?
- Dink jy God ken jou naam ook?

Onthou Vers




"PRAAT, HERE, U DIENAAR LUISTER
1 SAMUEL 3:10


Bevestiging

God ken my naam !

IN MY BOKS

God gee vir ons die krag en gawes wat ons nodig het, maar ons moet luister en die regte keuses maak!





"Praat, Here, U dienaar luister"
1 Samuel 3:10

Naam _____



LES #8

KONING SAUL





1 SAMUEL 9-11

Die Groot en Sterk Koning!

Die mense van Israel wou baie graag 'n koning hê, net soos die ander lande om hulle. God het na Sy mense geluiter en vir Samuel gesê om vir Saul te kies. Saul was 'n baie lang en sterk man – hy was kop en skouers bo almal in die land uit! Samuel het spesiale olie op Saul se kop gegooi om te wys dat hy nou die koning is. Aan die begin was Saul 'n dapper leier wat die volk gehelp het, maar hy moes leer dat dit belangriker is om na God te luister as om net groot en sterk te lyk.

DIT WAS DIE KONING SE WERK OM:

Mense te **BESKERM** en die mense veilig te hou. As daar vyande was wat wou baklei, moes die koning die weermag lei en terug veg!

Seker te maak almal in die land is **REGVERDIG** teenoor mekaar. As mense gestry het, moes hy help om die vrede te bewaar en goeie reëls te maak sodat almal gelukkig kon saamleef.

Na God te LUISTER. Die koning moes vir die mense wys hoe om vir God lief te wees en hoe om Sy reëls te volg. Hy was die skakel tussen God en die volk.

DINK BUITE DIE BOKS

- Wie was die heel eerste koning van Israel?
- Hoe het Saul gelyk? Was hy kort of baie lank?
- Wat het Samuel op Saul se kop gegooi om hom koning te maak?
- Is dit belangriker om lank te wees, of om na God te luister?

Onthou Vers

MENSE KYK NA HOE IEMAND LYK, MAAR GOD KYK NA DIE HART.
1 SAMUEL 16:7

Bevestiging


GOD IS MY KONING!

IN MY BOKS

Ons leer dat God vir ons leiers gee, maar dat gehoorsaamheid aan God die belangrikste is vir enige koning en leier!


Help Koning Saul om die Profeet Samuel te kry!








Die Israeliete wou graag ‘n Koning kies!
Teken nog Israeliete rondom Koning Saul!



Maak jou eie kroon



Naam _____

BONUS LES

DIE BYBEL IS BELANGRIK



Die Skatkis vol Waarheid!



Die Bybel is nie sommer net enige boek nie; dit is God se spesiale brief aan jou! Die Bybel help ons vandag om God se stem te hoor. Die Bybel vertel ons hoe lief God ons het, hoe Hy die wêreld gemaak het, en die belangrikste van alles: die storie van Jesus.



DIE BYBEL IS DAAR OM ONS TE HELP OM

GOD TE LEER KEN

Hoe meer ons lees, hoe meer verstaan ons wie God is en hoe groot Sy liefde vir ons is.

DIE PAD TE WYS

Die Bybel sê vir hoe en waar om te loop op ons lewenspad.

SLIM TE WORD

Die Bybel leer ons die verskil tussen reg en verkeerd, sodat ons goeie keuses kan maak saam God.

STERK TE WEES

Wanneer ons bang of hartseer is, gee God se beloftes in die Bybel vir ons nuwe moed en krag

DINK BUITE DIE BOKS

- Wie het die Bybel vir ons gegee?
- Hoekom kan ons sê die Woord van God is die WAARHEID?
- Waarom dink jy is dit belangrik om elke dag 'n klein bietjie uit die Bybel te lees?
- As jy in die donker loop, wat het jy nodig om te sien?

Onthou Vers

"U WOORD IS `N LAMP VIR MY VOET EN `N LIG VIR MY PAD."
PSALM 119:105

Bevestiging


GOD SE WOORD LEI MY!


IN MY BOKS

Ons leer dat die Bybel die belangrikste boek in ons huis is. Dit is die kos vir ons gees, ons harte het God se Woord nodig om sterk te word in die geloof!

Maak ‘n oopvou Bybel!

Kleur in
Knip uit
Vou





LES #9

DAWID EN GOLIAT





1 SAMUEL 17

Die geveg behoort aan God!

Die Israeliete en die Filistyne was besig om oorlog te voer, en 'n groot reus met die naam Goliat het elke dag die Israeliete geterg en uitgedaag om teen hom te veg. Al die soldate was doodsbang, maar 'n jong skaapwagter met die naam Dawid het geweet dat God sterker as enige reus is. Met slegs sy slingervel en vyf gladde klippies het Dawid die reus tegemoet gegaan en vir hom gesê dat hy in die Naam van die Here kom. Dawid het 'n klip na Goliat geslinger, hom teen die voorkop getref en die reus het neergeval. So het God vir Dawid gebruik om 'n groot oorwinning vir Sy volk te behaal, omdat Dawid op Hom vertrou het.

Die kernles van hierdie verhaal is dat geestelike toerusting belangriker is as fisiese krag. Terwyl die hele leër van Israel bang was vir die reus Goliat omdat hulle na sy grootte gekyk het, het Dawid na God se grootte gekyk. Dawid het nie probeer om soos Saul te veg met 'n swaar harnas en swaard wat hom nie gepas het nie; hy het sy vertroue geplaas in die vaardighede en die God wat hom reeds teen die leeu en die beer beskerm het. Dit leer ons dat wanneer ons God se plan volg, ons nie hoef voor te gee om iemand anders te wees nie—God gebruik wie jy is en wat jy in jou hand het.

DINK BUITE DIE BOKS

- Hoekom was Dawid nie bang vir Goliat nie, terwyl die res van die soldate bang was?
- Hoekom wou Dawid nie koning Saul se harnas en swaard dra nie?
- Hoe het Dawid vir Goliat gewen? Wat het hy gedoen?
- Wat is 'n "reus" (probleem of vrees) in jou lewe waarvoor jy God se hulp nodig het?

Onthou Vers

"EK KOM NA JOU TOE IN DIE NAAM VAN DIE HERE."
1 SAMUEL 17:45


Bevestiging


GOD IS AAN MY KANT

IN MY BOKS


Kies hierdie week een "reus" (iets waarvoor jy bang is of wat vir jou moeilik is) en bid spesifiek daaroor. Onthou dat jy nie in jou eie krag veg nie, maar in die Naam van die Here.

"Ek kom na jou toe in die Naam van die Here."
1 Samuel 17:45





Vind die 7 Verskille



Aktiwiteits idee




Benodig:

Roomys stokkies

tou of wol

watte of uitgenkipte sirkels

Gom



DAWID EN JONATAN





1 SAMUEL 18-20

Beste vriende!

Nadat Dawid die reus Goliat verslaan het, het hy 'n baie spesiale vriend gemaak. Sy naam was Jonatan, en hy was die seun van Koning Saul.
Selfs al was Jonatan 'n prins, was hy nie jaloers op Dawid nie. Die Bybel sê hulle siele was aan mekaar verbind – hulle was soos broers! Jonatan het sy eie mantel, sy harnas en selfs sy swaard vir Dawid gegee om te wys hoe lief hy hom het.
Toe Jonatan se pa, Koning Saul, kwaad word vir Dawid, het Jonatan sy vriend beskerm. Hulle het 'n belofte gemaak om altyd mekaar se vriende te wees en mekaar te help, ongeag wat gebeur. Hulle vriendskap was sterk omdat God in die middel daarvan was!

In die vorige les het ons geleer dat God ons krag is (Dawid teen Goliat).
In hierdie les leer ons dat God ook vir ons mense gee om saam met ons te stap. 'n Goeie vriend is iemand wat:



Jou aanmoedig om die Here te dien.
Bly is as dit goed gaan met jou.
By jou staan as jy bang of hartseer is.
Onthou: Om 'n goeie vriend te hê, moet jy eers self 'n goeie vriend wees!

DINK BUITE DIE BOKS

- Wat doen jy om vir jou maats te wys jy is lief vir hulle? (Deel jy jou speelgoed soos Jonatan sy swaard gedeel het?
- Jonatan moes kies tussen sy pa (wat verkeerd gedoen het) en sy vriend Dawid. Waarom dink jy is dit belangrik om altyd te kies wat reg is in die oë van God?
- Wie is jou beste maatjie? Kom ons bid vandag en sê vir die Here dankie vir daardie maatjie

Onthou Vers

"'N VRIEND HET ALTYD LIEF."
SPREUKE 17:17

Bevestiging

GOD GEE VIR MY GOEIE MAATS


GEBED

Liewe Jesus, dankie dat U vir my vriende gee. Help my om soos Jonatan te wees – getrou, vriendelik en dapper. Dankie dat U my heel beste Vriend is wat nooit van my sy af wyk nie. Amen.

Jonatan waarsku vir Dawid


Kry 8 verskille

Kleur die prentjie in



Naam_____





My beste maat is _____

Liewe Jesus,
Baie dankie vir my beste maatjie.
Dankie dat ons so lekker saam kan speel,
en daar kan wees vir mekaar.
Pas my maatjie asseblief vandag en
elke dag baie mooi op.
Amen.

Van _____

Vir My beste maat_____

Liewe Jesus,
Baie dankie vir my beste maatjie.
Dankie dat ons so lekker saam kan speel,
en daar kan wees vir mekaar.
Pas my maatjie asseblief vandag en elke
dag baie mooi op.
Amen.

Van _____

Dankie dat jy my beste maat is!



moreleta kerk

Dankie dat jy my beste maat is!




moreleta kerk

moreleta kerk

LES #11

KONING SALOMO



GOD SE WOORD

1 KONINGS 3C

'n Koning se Spesiale Wens

Toe Salomo koning geword het na sy pa, Dawid, was hy nog jonk en 'n bietjie bang. Hy het geweet om 'n hele land te lei, is 'n groot verantwoordelikheid. Een nag het die Here in 'n droom aan Salomo verskyn en gesê: "Vra wat jy wil hê, Ek vir jou moet gee."
Salomo kon enigiets gevra het: hope goud, om die rykste man op aarde te wees, of om al sy vyande te wen. Maar Salomo het nie vir dinge vir homself gevra nie. Hy het vir God gesê: "Ek is nog jonk en onervare. Gee vir my wysheid sodat ek kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is, en U volk goed kan lei."
God was baie tevrede met Salomo se antwoord. Omdat hy nie vir rykdom of 'n lang lewe gevra het nie, het God vir hom meer wysheid gegee as vir enige iemand anders op aarde. En omdat Salomo God eerste gestel het, het God vir hom ook die rykdom en eer gegee waarvoor hy nie gevra het nie.

Wysheid begin by God

Die belangrikste les is dat ware wysheid nie net beteken om "slim" te wees in skoolwerk nie. Dit beteken om te weet wat die regte ding is om te doen in die oë van God. Wanneer ons God vra om ons te help, gee Hy vir ons die insig om keuses te maak wat Hom eer en ander mense help.

DINK BUITE DIE BOKS

- Wat sou jy gevra het as God vir jou gesê het jy kan enigiets kry?
- Waarom dink jy het Salomo vir wysheid gevra in plaas van speelgoed of geld?
- Hoe kan jy hierdie week wysheid gebruik by die skool of by die huis?

Onthou Vers

"AS JY WYSHEID NODIG HET, MOET JY BID, EN GOD SAL DIT AAN JOU GEE"
JAKOBUS 1:5

Bevestiging

GOD GEE VIR MY DIE WYSHEID WAT EK NODIG HET


IN MY BOKS

Koning Salomo het die voorreg gehad om vir God die Tempel te bou!




KONING SALOMO


JAKOBUS 1:5 AS JY WYSHEID NODIG HET, MOET JY BID, EN GOD SAL DIT AAN JOU GEE"




Vind die 8 verskille

Naam_____







Help Salomo om die Tempel vir God te bou



Help Salomo om die Tempel vir God te bou


Solomon's Temple
Solomon's Temple


Solomon's Temple
10
MINUTES OF
QUALITY TIME


Solomon's Temple
10
MINUTES OF
QUALITY TIME

moreleta kerk

LES #12

DIE KONINGIN VAN SKEBA



1 KONINGS 10:1-13 & 2 KRONIEKE 9

'n Koningin ontmoet 'n Koning

Onthou julle hoe Salomo vir God gevra het vir wysheid? God het hom soveel wysheid gegee dat mense van regoor die wêreld daarvan gehoor het. Een van hierdie mense was die Koningin van Skeba. Sy was baie ryk en magtig, maar sy het ook baie vrae gehad waaroor sy gewonder het.

Sy het besluit om 'n baie lang reis na Jerusalem te onderneem om Salomo self te toets. Sy het nie net met leë hande gekom nie; sy het 'n groot gevolg saamgebring met kamele wat gelaai was met goud, edelstene en kosbare speserye.

Toe sy by Salomo aankom, het sy vir hom al die "moeilike vrae" gevra wat op haar hart was. Sy wou kyk of hy werklik so slim was as wat almal gesê het. Salomo het elke vraag beantwoord. Daar was niks wat vir hom te moeilik was nie, want God het hom gehelp.

Die Koningin was sprakeloos! Sy het na sy paleis gekyk, die kos wat op sy tafel was, die mooi Tempel wat hy gebou het, en sy wyse antwoorde gehoor. Sy het gesê: "Alles wat ek in my land gehoor het, is waar en nog meer! Jou wysheid en rykdom is veel groter as wat ek gedink het."

Maar die belangrikste deel is dat die Koningin van Skeba God geprys het. Sy het besef dat Salomo se wysheid van die Here af kom en dat God die volk Israel liefhet omdat Hy so 'n goeie koning oor hulle aangestel het.

DINK BUITE DIE BOKS



- As jy 'n koningin of koning was, watter "moeilike vraag" sou jy vir Salomo wou vra?
- Waarom dink jy het die koningin so ver gereis net om vrae te vra?
- Hoe kan jou optrede of wysheid vandag ander mense help om meer van God te leer?

Onthou Vers

1 KONINGS 9

EK PRYS JOU GOD DIE HERE WAT SO BAIE VAN JOU HOU DAT HY JOU KONING LAAT WORD HET

Bevestiging

"MY WYSHEID KOM VAN GOD, EN DIT WYS VIR ANDER HOE GROOT HY IS."

IN MY BOKS

In die Nuwe Testament sê Jesus dat Hy selfs "groter as Salomo" is Matteus 12:42


Die Koningin van Skeba




Die Koningin van Skeba



Naam_____




Naam_____




















































LES #13

GOD VERSORG ELIA



GOD SE WOORD

1 KONINGS 17

Twee Wonderwerke van Voorsiening

In die tyd van Elia was daar ‘n baie slegte koning met die naam Agab. Omdat die mense opgehou het om vir God te luister, het God gesê dit gaan vir ‘n lang tyd nie reën nie. Sonder reën kan plante nie groei nie, wat beteken daars nie kos nie. Maar God het belowe om vir Elia te sorg!

Die Eerste Wonderwerk: Kos uit die Lug God het vir Elia gesê om by die Krit-spruit weg te kruip. Daar was water in die spruit, maar waar sou hy kos kry? God het iets ongelooflijks gedoen: Hy het kraaie (voëls wat gewoonlik self baie honger is!) gestuur om elke oggend en elke aand vir Elia brood en vleis te bring. Elia moes net op God vertrou, en elke dag was daar genoeg.

Die Tweede Wonderwerk: Die Kruik wat nie leegraak nie Later het die spruit opgedroog omdat dit nie gereën het nie. God stuur Elia toe na ‘n dorpie met die naam Sarfat. Daar ontmoet hy ‘n arm weduwee wat besig was om hout op te tel. Sy was baie hartseer, want sy het net genoeg meel en olie oorgehad om een laaste broodjie vir haar en haar seun te bak voordat hulle sou doodgaan van die honger. Elia sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie... want die Here sê: Die meel in die pot sal nie opraak nie en die olie in die kruik sal nie minder word nie." S het God geglo en eers vir Elia ‘n koekie gebak. Elke keer as sy meel uit die pot skep, was daar weer meel! Elke keer as sy olie gooi, was daar weer olie! God het vir Elia, die vrou en haar seun gesorg vir die hele tyd wat dit nie gereën het nie. God is ons Voorsiener. Of Hy nou voëls gebruik of ‘n klein bietjie olie, Hy het altyd ‘n plan om na Sy kinders te kyk

DINK BUITE DIE BOKS

- **Hoe voel dit om te wag vir iets wat jy nodig het?**
- **Hoe help dit om te weet dat God presies weet wat jy nodig het?**
- **Kan jy aan ‘n tyd dink waar God vir jou of jou familie gesorg het op ‘n manier wat julle nie verwag het nie?**

Jesus leer vir ons in Matteus 6 dat ons ons nie moet bekommer oor wat ons sal eet of aantrek nie. As God vir die voëltjies sorg en selfs vir die blomme in die veld kyk, hoeveel te meer sal Hy nie vir jou sorg nie?

Onthou Vers

‘MY GOD SAL VIR JULLE ALLES GEE WAT JULLE NODIG HET, DINGE WAT VAN CHRISTUS JESUS KOM.
FILIPPENSE 4:19

Bevestiging

GOD VERSORG EN VOORSIEN VIR MY!."

BAK EN BROU

Benodig:
Brood, suurwurms
konfyt, boontjiebotter of nutella
papierbord en plastiek messe





























Versier elke kan met verskillende materiaal

Vind jou pad deur
na die ander kant



Plak stickers in
die kolle



Naam _____

LES #14

GOD GEBRUIK ELISA



GOD SE WOORD

2 KONINGS 4

God gee lewe

Na Elia, het God vir Elisa gekies om Sy profeet te wees. Elisa het deur die land gereis om mense van God te leer. In 'n dorpie met die naam Sunem was daar 'n vrou wat baie goed was vir Elisa. Sy het selfs vir hom 'n kamer op haar huis se dak gebou sodat hy altyd 'n plek gehad het om te rus.

Die vrou en haar man was al oud en hulle het nie kinders gehad nie. Elisa wou dankie sê vir haar goedhartigheid. Hy sê toe vir haar: "Volgende jaar hierdie tyd, sal jy 'n seuntjie in jou arms hou." Alhoewel sy dit amper nie kon glo nie, het God Sy belofte gehou. 'n Jaar later is 'n pragtige babaseuntjie gebore! God het geweet wat in haar hart was en vir haar 'n wonderwerk-geskenk gegee.

Die seuntjie het grootgeword, maar eendag terwyl hy saam met sy pa in die lande was, het hy siek geword en gesterf. Die vrou was baie hartseer, maar sy het geweet sy moet na die man van God toe gaan. Sy het vir Elisa gaan haal. Elisa het na die kamer gegaan waar die seuntjie gelê het en die deur toegemaak. Hy het ernstig tot God gebid.

Skielik het die seuntjie se liggaam warm geword. Hy het sy oë oopgemaak!

Hy was weer lewendig! God het gewys dat Hy mag het oor die dood en dat Hy vir Sy kinders sorg, selfs in die moeilikste tye.

DINK BUITE DIE BOKS

- **Hoe voel dit as iemand iets baie vriendelik vir jou doen sonder dat jy daarvoor gevra het?**
- **Hoe help dit om te weet dat God selfs mag het oor dinge wat vir ons onmoontlik lyk ?**
- **Kan jy dink aan 'n keer toe jy baie hartseer was en God vir jou vertroosting of 'n oplossing gestuur het?**



IN MY BOKS

Net soos Elisa die seuntjie weer lewendig gemaak het deur God se krag, leer ons in die Nuwe Testament dat Jesus selfs groter wonderwerke gedoen het. Jesus het vir Lasarus en die dogtertjie van Jaïrus uit die dood opgewek. Dit leer vir ons dat Jesus die "Koning van die Lewe" is. Ons hoef nooit bang te wees nie, want Jesus het die dood oorwin sodat ons vir altyd saam met Hom kan lewe!





"Ek is die opstanding en die lewe."
Johannes 11:25

LES #15

GOD GENEES VIR NAÄMAN



GOD SE WOORD

2 KONINGS 5

Genesing deur geloof

Naäman was ‘n baie belangrike man. Hy was die hoof van die leër van Aram en was baie dapper, maar hy het ‘n groot probleem gehad: hy het melaatsheid gehad. Dit was ‘n vreeslike velsiekte wat ongeneesbaar was.

In Naäman se huis was daar ‘n jong dogtertjie van Israel wat as slaaf daar gewerk het. Sy het vir Naäman se vrou gesê: “As my meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, sou hy hom van sy melaatsheid gesond maak.” Naäman het besluit om te gaan. Hy het met baie perde, waens en geskenke voor die deur van Elisa se huis gaan stop.

Maar Elisa het nie eers uitgekom om hom te groet nie! Hy het net ‘n boodskapper gestuur met die boodskap: “Gaan was jou sewe maal in die Jordaanrivier, dan sal jy gesond word.”

Naäman was woedend! Hy het gedink Elisa sou uitkom, sy hande waai en ‘n groot seremonie hou. Hy het ook gedink die riviere in sy eie land was baie skoner as die modderige Jordaanrivier. Hy wou amper huis toe gaan, maar sy amptenare het gesê: “Meneer, as die profeet iets moeiliks gevra het, sou u dit gedoen het. Waarom dan nie hierdie eenvoudige ding nie?”

Naäman het toe na die Jordaan gegaan. Hy het een keer onder die water gegaan... twee keer... drie keer... niks het gebeur nie. Maar toe hy die sewende keer opkom, was sy vel so skoon en sag soos die van ‘n klein kindjie! Hy was heeltemal gesond. Naäman het besef dat daar geen ander God is as die God van Israel nie.

DINK BUITE DIE BOKS

- Hoe dink jy het die klein dogtertjie gevoel om vir haar "vyand" te vertel van God se krag? Is dit maklik om goed te wees vir mense wat hard met jou is?
- Hoekom was Naäman kwaad oor die eenvoudige opdrag? Is ons soms ook kwaad as die oplossing vir ons probleme te "eenvoudig" lyk?
- Kan jy dink aan 'n keer toe jy moes kies om gehoorsaam te wees, selfs al het jy nie verstaan hoekom nie?

Onthou Vers

“GENEES MY, HERE, DAN SAL EK GENEES WEES; RED MY, DAN SAL EK GERED WEES.” – JEREMIA 17:14

Bevestiging


“EK KAN ANDER HELP AL IS EK JONK.”

IN MY BOKS

Die klein dogtertjie wat vir Naäman gewerk het was braaf en het hom vertel van die Profeet Elisa wat hom kan help!
Sy het ‘n groot verskil gemaak in sy lewe, deur vir hom te vertel van die wonderwerke wat God deur Sy profeet gedoen het! Jy kan ook ander help al is jy nog klein en jonk!


2 Konings 5

NAÄMAN luister vir die dogtertjie





Naam_____

Vind 15 verskille









LES #16

DIE JONG KONING JOSIA



GOD SE WOORD

2 KONINGS 22

Jy is nooit te jonk om God se Woord te volg nie

Josia was slegs agt jaar oud toe hy die koning van Juda geword het! Terwyl ander kinders van sy ouderdom nog gespeel het, moes hy 'n hele land lei. Maar Josia was anders as die konings voor hom–hy wou met sy hele hart doen wat reg is in die oë van die Here.

Toe Josia 26 jaar oud was (steeds 'n jong man), het hy besluit dit is tyd om die Tempel van die Here, wat verwaarloos was, te herstel.

Hy het werkers gestuur om die mure reg te maak en alles skoon te maak.

Tydens die herstelwerk het die hoëpriester, Gilkija, iets ongeloofliks gevind...

Die Boek van die Wet = God se Woord!

Dit was vir jare weggegooi en vergeet onder die stof van die ou tempel.

Toe die skrywer die woorde van die Boek vir Josia lees, het hy sy klere geskeur van hartseer. Hy het besef dat die volk glad nie gelewe het soos God gevra het nie, omdat hulle nie geweet het wat in die Boek staan nie. Josia het nie gewag omdat hy "jonk" was nie. Hy het dadelik al die mense bymekaargeroep en vir hulle uit die Boek gelees.

Hy het belowe om die Here te volg en al Sy gebooie te gehoorsaam.

Omdat Josia na God geluister het, was die Here baie tevrede met hom.

DINK BUITE DIE BOKS

- Hoe dink jy het Josia gevoel toe hy op 8-jarige ouderdom koning geword het? Was hy dalk bang, of dapper omdat hy geweet het God is by hom?
- Die Bybel was vir lank "verlore" in die tempel. Is daar plekke in ons lewens (soos onder ons bed of in 'n kas) waar ons Bybel dalk stof vergader? Wat kan ons doen om dit 'n belangrike deel van ons dag te maak?
- Josia het 'n verskil gemaak toe hy nog jonk was. Wat is een klein dingetjie wat jy vandag kan doen om te wys jy volg God se Woord?

Onthou Vers

"U WOORD IS 'N LAMP VIR MY VOET EN 'N LIG VIR MY PAD." – PSALM 119:105

Bevestiging

"EK IS NOOIT TE JONK OM GOD SE WOORD TE VOLG NIE."


IN MY BOKS

Koning Josia het nie gewag tot hy "groot" was om die Here te dien nie. Hy het God se Woord geëer en dit gebruik om sy hele land te verander.

Onthou: Jy hoef nie 'n volwassene te wees om die Bybel te lees of om God te gehoorsaam nie.

Wanneer jy kies om te doen wat die Bybel sê, word jy 'n lig vir almal om jou, net soos Josia!

DIE JONG KONING JOSIA



Vou om en plak

---

2 Konings 22


1 Josia was agt jaar oud toe hy koning geword het en het 31 jaar in Jerusalem regeer.

8 "Ek het die wetboek in die tempel van die Here gekry!"

Naam _____

"Ek is nooit te jonk om God se Woord te volg nie."

DIE JONG KONING JOSIA



"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."
– Psalm 119:105

Vou om en plak

2 Konings 22

1 Josia was
agt jaar oud
toe hy
koning geword
het en het
31 jaar in
Jerusalem
regeer.

8 "Ek het
die wetboek
in die
tempel
van die
Here
gekry!"

Vou om en plak

2 Konings 22

1 Josia was
agt jaar oud
toe hy
koning geword
het en het
31 jaar in
Jerusalem
regeer.

8 "Ek het
die wetboek
in die
tempel
van die
Here
gekry!"

Vou om en plak

2 Konings 22

1 Josia was
agt jaar oud
toe hy
koning geword
het en het
31 jaar in
Jerusalem
regeer.

8 "Ek het
die wetboek
in die
tempel
van die
Here
gekry!"

Vou om en plak

2 Konings 22

1 Josia was
agt jaar oud
toe hy
koning geword
het en het
31 jaar in
Jerusalem
regeer.

8 "Ek het
die wetboek
in die
tempel
van die
Here
gekry!"

LES #17

KONINGIN ESTER



GOD SE WOORD

ESTER 1-10

Jy is gebore vir 'n tyd soos hierdie!

Ester was 'n jong Joodse meisie wat as weeskind deur haar familielid, Mordegai, grootgemaak is. Sy het in 'n vreemde land gewoon waar die mense nie noodwendig haar God geken het nie. Maar God het 'n groot plan vir haar lewe gehad.

Ester was baie mooi, maar sy was nog mooier van binne. Sy word toe gekies as die nuwe Koningin van Persië. Dit was nie net omdat sy mooi was nie; God het haar daar geplaas met 'n spesiale doel.

'n Slegte man met die naam Haman het 'n plan beraam om al die Jode (Ester se mense) dood te maak. Mordegai het vir Ester gesê sy moet met die Koning gaan praat om haar volk te red. Maar daar was 'n probleem: In daardie dae mag niemand na die koning gegaan het sonder dat hy hulle geroep het nie – selfs nie die koningin nie! As sy sou gaan, kon sy haar lewe verloor.

Ester was bang, maar sy het gekies om dapper te wees. Sy het eers vir drie dae saam met haar vriende gevas en gebid. Sy het geweet sy het God se hulp nodig. Sy het gesê: "As ek moet sterf, dan sterf ek," en sy het na die koning gegaan.

Omdat God met haar was, het die koning haar vriendelik ontvang. Ester kon die koning vertel van Haman se bose plan. Die koning het geluister, die Jode is gered, en Ester het gewys dat een dapper persoon 'n hele volk kan verander!

DINK BUITE DIE BOKS

- Wat beteken dit om dapper te wees? Moes jy al dapper in jou lewe gewees het?
- Dink jy God het jou ook op 'n spesifieke plek -soos jou skool of jou gesin- geplaas met 'n doel en om 'n verskil te maak?
- Ester het nie dadelik na die koning gehardloop nie; sy het eers gebid. Wat kan ons leer oor hoe om groot probleme aan te pak?

Onthou Vers


"MISKIEN IS DIT JUIS VIR 'N TYD SOOS HIERDIE DAT JY KONINGIN GEWORD HET."
ESTER 4:14

Bevestiging


"EK IS GEBORE VIR 'N TYD SOOS HIERDIE"

IN MY BOKS

Koningin Ester het nie haar posisie gebruik om net mooi klere te dra en in die paleis te ontspan nie. Sy het haar posisie gebruik om ander te help.
Jy hoef nie 'n kroon te dra om 'n verskil te maak nie. Wanneer jy opstaan vir wat reg is, selfs wanneer dit moeilik is, is jy net soos Ester. God gebruik mense wat Hom vertrou en dapper is!



Maak jou eie masker!
Plak ‘n roomys stokkie agter, kleur in en maak gate waar die oogies is



Maak jou eie masker!
Plak ‘n roomys stokkie agter, kleur in en maak gate waar die oogies is

LES #18

NEHEMIA EN DIE MURE VAN JERUSALEM

GOD SE WOORD

NEHEMIA 1-6

Werk saam om iets op te bou

Nehemia was 'n belangrike man in die paleis van die koning van Persië, maar sy hart was seer. Hy het gehoor dat die mure van sy tuisstad, Jerusalem, plat lê en dat sy mense in gevaar is. Sonder mure kon enige vyand hulle sommer net aanval.

Net soos Ester, het Nehemia nie dadelik op sy eie krag probeer staatmaak nie. Hy het eers gevas en gebid. Hy het vir God gevra vir 'n plan en vir die moed om met die koning te praat. God het die koning se hart sag gemaak, en Nehemia het toestemming gekry om terug te gaan om die mure te herbou.

Toe hy in Jerusalem aankom, was die werk groot en moeilik. Daar was slegte mense wat vir hulle gelag het en hulle probeer keer het. Maar Nehemia het die mense gemotiveer deur te sê: "Die God van die hemel sal ons laat slaag."

Die geheim van hulle sukses? Hulle het saamgewerk. Elke familie het 'n gedeelte van die muur gekry om te bou. Terwyl sommige gebou het, het ander wag gehou met swaarde om hulle te beskerm. Hulle het nie opgehou nie, selfs toe dit moeilik was. As gevolg van hulle geloof en samewerking, is die hele groot muur in net 52 dae voltooi!

DINK BUITE DIE BOKS

Wat beteken dit om "saam te werk"?

Het jy al ooit gevoel iets is te groot of te moeilik vir jou? Onthou Nehemia se gebed – God help ons wanneer ons Hom eerste vra

Wie in jou lewe help jou om "mure te bou" (soos jou ouers, onderwysers of vriende)? Hoe kan jy vandag iemand anders help met 'n moeilike taak?

Onthou Vers

"DIE GOD VAN DIE HEMEL SAL ONS LAAT SLAAG."
NEHEMIA 2:20

Bevestiging

"EK IS 'N BOUER WAT SAAM MET ANDER WERK"


IN MY BOKS


Nehemia was nie 'n bouer van beroep nie, hy was 'n skinker. Maar hy was bereid om sy moue op te trek en te help waar daar 'n nood was.
Jy hoef nie 'n dokter of ingenieur te wees om 'n verskil te maak nie. Of dit nou is om jou kamer op te ruim, 'n maatjie te help wat hartseer is, of saam aan 'n skoolprojek te werk – wanneer ons saamwerk met 'n goeie hart, eer ons God. Samewerking maak die onmoontlike moontlik!

Elke kind kry ‘n A4 bladsy en dan vat die kinders verskillende vorms soos driehoeke en reghoeke en vierkante, en dan bou en plak die kind hulle stukkie van die Jerusalem muur, NB hulle moet hulle naam opskryf en dan gaan ons dit plak op die swart borde in ‘n ry om vir die kinders te wys hoe mooi die muur lyk as ons almal saam werk en saam bou



Vind die 12 verskille





“DIE GOD VAN DIE HEMEL SAL ONS LAAT SLAAG.”
NEHEMIA 2:20




Naam _____



LES #19

JONA EN DIE GROOT VIS



JONA 1-4

Jy kan nie van God af weghardloop nie

Werk saam met God, moenie weghardloop nie
God het vir Jona 'n baie belangrike opdrag gegee:
Hy moes na die stad Nineve gaan en vir die mense sê hulle moet ophou om slegte dinge te doen. Maar Jona was bang en kwaad. Hy wou nie die mense van Nineve help nie, want hulle was die vyande van sy volk.
In plaas daarvan om gehoorsaam te wees, het Jona op 'n skip geklim wat presies in die teenoorgestelde rigting gevaar het! Hy het gedink hy kan wegkruip vir God. Maar terwyl hy op die see was, het God 'n geweldige storm gestuur. Die matrose was doodsbang en Jona het geweet die storm is daar omdat hy ongehoorsaam was. Hy het vir hulle gesê:
"Gooi my in die see, dan sal die storm bedaar."
Sodra Jona in die water beland het, het die storm opgehou. Maar Jona het nie verdrink nie! God het 'n groot vis gestuur om hom in te sluk. Vir drie dae en drie nagte was Jona in die donker maag van die vis.
Daar het hy gebid en vir God gesê hy is jammer. God het die vis beveel om Jona op die strand uit te spoeg.
Jona het toe na Nineve gegaan en die mense het hulle harte vir God gegee. Jona het geleer dat God se liefde en genade vir almal is, en dat jy nêrens vir Hom kan wegkruip nie!

DINK BUITE DIE BOKS

Waarom dink jy het Jona probeer weghardloop?
Was hy bang, of wou hy net nie hê God moet die mense van Nineve vergewe nie?

Het jy al ooit probeer "wegkruip" nadat jy iets verkeerd gedoen het?
Hoe het dit jou laat voel?


Waar is God oral?
Kan ons ooit op 'n plek wees waar God ons nie kan sien of hoor nie?



IN MY BOKS

Jona was 'n profeet, maar hy was ook net 'n mens wat foute gemaak het. Soms dink ons dat as ons iets doen wat God nie van hou nie, ons vir Hom moet wegkruip. Maar God wil hê ons moet juis na Hom toe hardloop wanneer ons bang is of foute gemaak het.
As jy voel of jy wil weg hardloop vir dinge, by die skool, by die huis, of wanneer jy bang is vir iets nuuts – onthou dat God reeds daar is.
Gehoorsaamheid bring vrede, maar weghardloop bring net storms!

JONA EN DIE GROOT VIS



Psalm 139:7
Waarnatoe kan ek gaan waar
GOD nie is nie?
Waarnatoe kan ek wegvlug van GOD?



GOD IS ALTYD BY MY

Psalm 139:7
Waarnatoe kan ek gaan waar
GOD nie is nie?
Waarnatoe kan ek wegvlug van GOD?



GOD IS ALTYD BY MY

LES #20

JESAJA DIE PROFEET



JESAJA 6:1–8

God maak ons gereed om Sy boodskappers te wees

Verbeel jou jy stap in 'n reuse paleis in. Oral is daar rook, die grond skud, en jy sien God op 'n massiewe troon! Om Hom is daar spesiale engele (Serafs) met ses vlerke wat sing: "Heilig, heilig, heilig is die Here!" Jesaja was daar. Hy was vreesbevange! Hy het geweet hy is nie perfek nie. Hy het gesê: "O toggie, ek is in die moeilikheid! Ek sê soms dinge wat nie mooi is nie, en my hart is nie altyd skoon nie."
Maar toe gebeur iets ongeloofliks: Een van die engele het met 'n tang 'n gloeiende kool van die altaar af geneem en dit teen Jesaja se lippe gehou. Dit klink dalk of dit sou seermaak, maar dit was 'n teken van God se liefde. Die engel het gesê: "Nou is jou skuld weg en jou sonde is vergewe."
Toe God vra: "Wie kan Ek stuur om My boodskapper te wees?", het Jesaja nie meer weggekruip nie. Hy het opgestaan en gesê: "Hier is ek, Here! Stuur vir mý!"

God se Heiligheid

God is so groot en skoon dat niks wat "vuil" of sleg is, naby Hom kan kom nie.

Die Skoonmaak-proses

Net soos die kool Jesaja se lippe "skoongebrand" het, was Jesus die Een wat gekom het om ons harte skoon te maak.

Die Roeping

God vra nie vir die slimste of die sterkste mense nie; Hy vra vir die mense wat sê: "Ek sal gaan."

DINK BUITE DIE BOKS

- Hoe dink jy het Jesaja gevoel toe hy die engele sien sing het?
- Het God vir Jesaja gekies omdat hy nooit foute gemaak het nie, of omdat God hom skoon gemaak het?
- Wat is een manier hoe jy vandag 'n "boodskapper" vir God kan wees?



GEBED

"Liewe Here, dankie dat U my ken en my liefhet. Dankie dat U my hart skoonmaak deur Jesus. Help my om soos Jesaja te wees en nie bang te wees om vir ander van U te vertel nie. As U my roep, wil ek sê: 'Hier is ek, stuur my!' Amen."


moreleta kerk


Jesaja 6:8
"Toe het ek gesê: 'Hier is ek, stuur my!'"



NAAM_____

Maak jou eie engel







LES #21

JEREMIA DIE PROFEET



JEREMIA 38:6–13

God stuur helpers wanneer ons in die moeilikheid is

Jeremia was 'n profeet wat altyd die waarheid gepraat het, selfs wanneer dit mense kwaad gemaak het. Eendag was die leiers van die stad so kwaad vir sy boodskap dat hulle hom in 'n "put" (of 'n sytel) gegooi het. Hierdie put was nie vol water nie, maar vol dik, taai modder.

Jeremia het diep in die modder begin wegsak. Dit was donker, koud en hy was alleen. Dit het gelyk of daar geen hoop was nie. Maar God het nie van Jeremia vergeet nie!

God het 'n man met die naam Ebed-Melek gestuur. Hy het na die koning gegaan en gesê: "Dit is verkeerd wat hulle aan Jeremia gedoen het!" Die koning het vir hom toestemming gegee om Jeremia te red. Ebed-Melek het iets baie slim gedoen: Hy het ou lappe en toue gekry. Hy het vir Jeremia gesê om die lappe onder sy arms te sit (sodat die toue hom nie seermaak nie) en toe het hulle hom met alle mag uit die modder opgetrek. Jeremia was veilig!

Om die regte ding te doen is nie altyd maklik nie: Jeremia was in die put omdat hy gehoorsaam was aan God. Soms is dit moeilik om die waarheid te praat, maar God is by ons.

God gebruik mense: Ebed-Melek was 'n "held" wat sy stem gebruik het om iemand anders te help. God stuur dikwels mense (soos ouers, onderwysers of vriende) om ons te help wanneer ons "vasgeval" voel.

God hoor ons: Selfs in die donkerste modderput kon Jeremia tot God bid, en God het geluister.

DINK BUITE DIE BOKS

- "Was jy al ooit 'n bietjie bang of het jy dalk hulp nodig gehad omdat iets vir jou te moeilik was?
- Hoe kan ons iemand anders help die week?
- Hoekom dink jy is dit belangrik om ander mense te help?

Onthou Vers

(PSALM 40:3)

"HY HET MY UIT DIE PUT VAN VERDERF OPGETREK, UIT DIE MODDERIGE SLYK."

Bevestiging


GOD IS MY HELPER EN EK SAL NIE BANG WEES NIE!

BAK EN BROU

Maak jou eie modderput met instant chocolate pudding in 'n bakkie!



JEREMIA DIE PROFEET EN DIE MODDERPUT





moreleta
kerk